education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

**BEDRYFSEKONOMIE**

**HOËR GRAAD**

**OKTOBER/NOVEMBER 2006**

**402-1/0A**

BEDRYFSEKONOMIE HG

402 1 0A HG

X05

**PUNTE: 400**

**TYD: 3 uur**

**Die vraestel bestaan uit 24 bladsye en 'n antwoordblad van 2 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings: AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

2. AFDELING A IS VERPLIGTEND.

   AFDELING A bestaan uit EEN vraag met verskeie onderafdelings en moet deur AL die kandidate beantwoord word. 'n Aparte antwoordblad, bestaande uit twee bladsye, word vir VRAAG 1 verskaf.

3. AFDELING B bestaan uit VIER vrae. Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

4. AFDELING C bestaan uit SES vrae. Beantwoord enige VIER vrae uit hierdie afdeling.

5. Nommer jou antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Antwoorde moet in volsinne beantwoord word, behalwe waar dit spesifiek nie vereis word nie. Kandidate sal vir kort, onvolledige antwoorde gepenaliseer word.

8. Indien meer as SEWE vrae beantwoord word, sal slegs die eerste SEWE toepaslike vrae nagesien word, naamlik:

   VRAAG 1
   TWEE vanuit AFDELING B
   VIER vanuit AFDELING C

   Indien 'n vraag nie nagesien moet word nie, skryf duidelik **'KANSELLEER'** oor die hele bladsy.

9. Beantwoord jou vrae met swart of blou ink.

10. Plaas die voltooide ANTWOORDBLAD vir VRAAG 1 binne die voorste omslag van jou antwoordeboek.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

Beantwoord VRAAG 1 op die aangehegte antwoordblad.

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Kies die korrekte antwoord uit die gegewe moontlikhede. Maak 'n kruisie (X) oor die letter op die antwoordblad. Daar is slegs EEN korrekte antwoord op elke vraag.

Byvoorbeeld: 1.1.21

| A | B | C | ~~D~~ (X) |
|---|---|---|---|

1.1.1 Die rol van die promotors van 'n publieke maatskappy word deur die raad van direkteure oorgeneem wanneer ....

A die registrateur 'n sertifikaat van inlywing uitreik.
B die ouditeur toestemming gee om as ouditeur op te tree.
C die prospektus aan die publiek uitgereik word.
D die minimum aandelekapitaal verkry is.

1.1.2 Die registrateur van maatskappye sal dit oorweeg om 'n sertifikaat van inlywing uit te reik nadat die volgende dokumente voorgelê is:

(i) Prospektus
(ii) Die akte van oprigting
(iii) Die statute
(iv) Registrasiefooikwitansie

Kies die korrekte kombinasie:

A (i), (ii) en (iii)
B (ii), (iii) en (iv)
C (i), (ii), (iii) en (iv)
D (i), (iii) en (iv)

1.1.3 Mnr. en mev. Dunbar en hul vyf meerderjarige kinders oorweeg die stigting van 'n publieke maatskappy. Mnr. en mev. Dunbar belê elk R50 000 en hul kinders R10 000 elk. Sal die registrateur die aansoek oorweeg?

A Ja, as die egpaar buite gemeenskap van goedere getroud is.
B Ja, want die egpaar dra meer as R40 000 by.
C Nee, want elke lid moet min of meer dieselfde bedrag bydra.
D Ja, want daar is sewe persone wat tot die kapitaal bygedra het.

1.1.4 Die volgende reklame het in 'n MTN-katalogus verskyn:

**VADERSDAG-AANBIEDING**
**SONY ERICSSON K700i**
**R699,00**




Hierdie reklame-prysbepalingstegniek staan bekend as ….

A skynkorting.
B prysbeheer.
C spesiale gebeurtenisse.
D voorgestelde kleinhandelspryse.

1.1.5 Watter EEN van die volgende advertensiepraktyke sou jy as oneties beskou?

A Die gebruik van kleurvolle prente
B Om slegs een rassegroep in 'n advertensie te gebruik
C Die adverteer van produkte as die beste op die mark
D Die verkoop van herboude of tweedehandse produkte as nuut

1.1.6 Bemarkingskommunikasiebeleid verwys na 'n kombinasie van ….

A reklame, persoonlike verkope, verkoopsbevordering en publisiteit.
B reklame, openbare betrekkinge, verkoopspromosie en publisiteit.
C franchising (konsessies), reklame, persoonlike verkope en publisiteit.
D verkoopsbevordering, kompetisie, publisiteit en verkoopsaansporings.

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Watter EEN van die volgende metodes word NIE deur 'n vervaardiger gebruik om beheer oor 'n groothandelaar uit te oefen NIE?

A Die stelsel van alleenagentskappe
B Finansiële beheer
C Die kontraktuele stelsel
D Direkte verkope aan kleinhandelaars

1.1.8 Watter klas voorkeuraandele gee aan aandeelhouers die reg om agterstallige dividende van vorige jare te ontvang?

A Gewone
B Aflosbare
C Kumulatiewe
D Deelnemende

1.1.9 Die doel van herversekering is om …

A onderversekering te voorkom.
B die risiko te versprei.
C oorversekering te bevorder.
D premies by inflasie aan te pas.

1.1.10 Versekerbare belang is van toepassing wanneer ….

(i) 'n persoon 'n belang in sy eie lewe het.
(ii) 'n skuldenaar 'n belang in die lewe van 'n skuldeiser het.
(iii) 'n vennoot 'n belang in die lewe van sy medevennoot het.
(iv) 'n verbandgewer 'n belang in die eiendom van 'n verbandhouer het.

Kies die korrekte kombinasie:

A (i), (ii) en (iii)
B (i), (ii) en (iv)
C (i) (iii) en (iv)
D Al die bogenoemde

1.1.11 Vaste kapitaal word benodig vir die aankoop van meer …

A handelsvoorraad.
B grondstowwe.
C geboue.
D brandstof.

1.1.12 Watter EEN van die volgende is 'n NADEEL van beide reeks- en stukproduksie?

A Vervaardigers kan afleweringsdatums nakom.
B Produksiekoste per eenheid is gewoonlik hoër as by ander produksiestelsels.
C Dit is maklik om aan die presiese spesifikasies van die kliënt te voldoen.
D Dit is moeilik om produksiekoste te bepaal.

1.1.13 Watter EEN van die volgende is 'n komponent van <u>direkte arbeidskoste</u> van Jonathan Leermeubels Vervaardigers?

A Mnr. Athi Seya, die toesighouer oor die skoonmaakpersoneel
B Me. Sue Theart, die kosterekenmeester, wat die prys om die meubels te vervaardig bereken
C Mnr. Clinton Petersen, die leersnyer
D Mnr. Ryan Page, wat toesig hou oor die verspreiding van die meubels na die kleinhandelaars

1.1.14 Hierdie instansie laat toe dat korttermynleners hul skuld terugbetaal eers nadat die gewasse geoes is:

A Korporasie vir Openbare Deposito (KOD)
B Land- en Landboubank (Landbank)
C Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR)
D Johannesburgse Aandelebeurs (JAB) Bpk.

1.1.15 Een van die dienste wat deur die … gelewer word, is om nasionale dienste te ontwikkel wat navorsing oor vervoerdienste en kommunikasie insluit.

A Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS)
B Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR)
C Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB)
D Land- en Landboubank (Landbank)

1.1.16 Topbestuur is verantwoordelik vir … besluite van 'n onderneming.

A bedryfs-
B strategiese
C taktiese
D algemene

1.1.17 Kia (Edms.) Bpk. is 'n fabriek wat motors vervaardig. Dit verwys na die .... van die onderneming.

A visie
B beleid
C strategie
D missie

1.1.18 .... word uitgeoefen wanneer 'n bemarkingsbestuurder die verkoopspersoneel inlig oor hul verkoopsteiken vir die maand.

A Metodestudie
B Terugvoering
C Spanwydte van beheer
D Verantwoordelikheid

1.1.19 Een van die VOORDELE van desentralisasie is dat ...

A daar 'n moontlikheid van duplisering van werk is.
B dit moeilik is om standaarde te handhaaf.
C dit maklik is om geheimhouding te handhaaf.
D personeel nie kan spesialiseer nie.

1.1.20 'n .... is die beraming van die verwagte inkomste en uitgawes van die onderneming vir 'n bepaalde toekomstige periode.

A Balansstaat
B Proefbalans
C Begroting
D Inkomstestaat (20 x 3) (60)

## 1.2 WAAR OF ONWAAR

Dui met 'n X (kruisie) in die toepaslike blokkie op die antwoordblad aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Indien 'n stelling ONWAAR is, staaf jou antwoord in die ruimte wat voorsien is deur slegs die <u>onderstreepte woord(e)</u> te korrigeer.

Byvoorbeeld 1.2.9 'n <u>Vennootskap</u> is 'n eenmansaak met onbeperkte aanspreeklikheid.

| Nr. | Waar | Onwaar | Regstelling |
|---|---|---|---|
| 1.2.9 | | X | Eenmansaak |

1.2.1 In 'n <u>vennootskap</u> word die winste tussen die vennote in 'n ooreengekome verhouding verdeel.

1.2.2 Die verhouding tussen eie en geleende kapitaal is bekend as <u>hefboomfinansiering.</u>

1.2.3 Metodestudie poog om menslike prestasie te takseer deur die tyd te bepaal wat 'n werker neem om 'n taak te voltooi.

1.2.4 Stigtersaandele word aan aandeelhouers uitgereik om hulle te vergoed vir verlies aan dividende.

1.2.5 Die getrouheidsversekeringklousule bepaal dat die rekeningkundige rekords van 'n onderneming in 'n vuurvaste brandkluis gehou moet word.

1.2.6 Handel is die verkoop van uitstaande rekeninge aan 'n diskontohuis vir kontant.

1.2.7 'n Vlooimark is in die informele sektor ontwikkel om geleenthede vir klein entrepreneurs te voorsien.

1.2.8 Televerkope is 'n metode wat 'n vervaardiger kan gebruik om sy produkte direk aan die verbruiker te verkoop.

(20)

## 1.3 VERSKAF DIE ONTBREKENDE TERM(E)

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende term(e) langs die vraagnommer op die antwoordblad neer te skryf:

1.3.1 As 'n nuwe sakeman in Nelspruit, sal jy by die … aansluit met die doel om verenigde samewerking in die bedryf te verkry.

1.3.2 Die bestuurstaak van die … is belas met die bereiking van harmonie tussen individue in verskillende afdelings van 'n onderneming om sodoende die onderneming se gemeenskaplike doelwitte te bereik.

1.3.3 Die … van 'n produk begin by die tyd waar die produk die eerste keer in die mark bekendgestel word, tot by die tyd wanneer dit finaal aan die mark onttrek word.

1.3.4 … -verpakking word gebruik om die elegante karakter van 'n produk te beklemtoon, byvoorbeeld 'n diamantring.

1.3.5 Die …-organisasiestruktuur maak die beweging van die spanlede vanaf een spesialisafdeling na 'n volgende moontlik.

(5 x 2) (10)

1.4 **DATAREAKSIE**

Bestudeer elk van die onderstaande illustrasies (A – E) en gebruik die advertensies verskaf om die volgende vrae te beantwoord. Skryf slegs die letter van die toepaslike illustrasie langs die vraagnommer op die antwoordblad neer, byvoorbeeld 1.4.5 D.

**A**

**REDDY SE KONSTRUKSIE**

vir alle aanbouings, verbouings,
keermure, huisonderhoud, ens.
*ONS DOEN ALLES*
*NIKS IS TE GROOT OF TE KLEIN*
*TELEFOON : 031 464 7337*
*FAKS: 031 464 1254*
*SEL: 083 775 4255*

e-pos: reddysconstruction@yahoo.com
Posbus 48672, QUALBERT, 4078

**B**

**GLOBAL**
**Z-DATA (EDMS.) BPK.**

VERSKAFFER EN
NETWERKONDERSTEUNING
VAN HARDEWARE

UITKONTRAKTEER-
SPESIALIS

TEL: 044 313 2343
044 313 2344
FAKS: 044 313 2300
e-pos: info@zdata.co.za

LID van Z-DATA GROEP

**C**

**NJABULO**
**SKOONMAAK-**
**DIENS BK**
INDUSTRIËLE EN
HANDELSKOON-
MAAK
HOËDRUK-
SKOONMAAK

TEL: 041 561 2912
SEL: 082 345 5656

e-pos: njabulo@
cybertrade.co.za

MILKWOODLAAN 15
SHERWOOD
PORT ELIZABETH
6001

**D**

**S. NEL & SEUNS**
STOFFERING &
GORDYN-
SPESIALISTE

GENIET MEER AS 60
JAAR SE KWALITEIT
HERSTOFFERING EN
GORDYNE

*Vir top bevrediging*
*kontak*
*SAREL NEL*

TEL: 016 555 3673
016 555 6028
SEL: 083 777 5116
MAYSTRAAT 19
VEREENIGING
1900

**E**

**SPECTRUM**
**SHIPPING BPK.**

DOEANE-UITKLARING,
VERSENDING,
SKEEPSVERSEKERING,
LUGVRAG, PADVRAG
EN
KOELBEWARING
TEL: 021 465 1237
FAKS: 021 465 1238
e-pos:
www.spectrumshipping.co.za

M.S.C. GEBOU,
5$^{DE}$ VERDIEPING,
ALICESTRAAT 54
KAAPSTAD
8000

1.4.1 Identifiseer die onderneming wat moet ontbind met die afsterwe van 'n mede-eienaar.

1.4.2 Watter onderneming het 'n minimum van een direkteur?

1.4.3 Noem die onderneming wat van 'n prospektus gebruik maak.

1.4.4 Identifiseer TWEE ondernemings wat onbeperkte aanspreeklikheid vir sy eienaars het. (10)

**TOTAAL AFDELING A: 100**


Kopiereg voorbehou

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae uit die afdeling.

## VRAAG 2: ONDERNEMINGSVORME

SPORT-
LEGENDES



Sport-legendes is 'n kettinggroep sportwinkels wat deur Odwa Ndungane en Seuns besit word. Hulle spesialiseer in rugbytoerusting. Een van die ses mede-eienaars het afgesterf wat beteken dat hul onderneming moet ontbind.

Ndungane besef dat daar te veel probleme met hierdie ondernemingsvorm gepaardgaan. Hy raai sy medevennote aan om die moontlikheid te oorweeg om 'n nuwe ondernemingsvorm te stig wat maklik sal wees om te stig, minimum finansiële risiko sal inhou en beperkte aanspreeklikheid aan eienaars sal bied. Hulle stem ook ooreen om addisionele lede te aanvaar, maar eienaarskap sal beperk word tot 10 persone.

Ndungane verduidelik aan sy mede-eienaars dat hulle 'n stigtingsverklaring sal moet voltooi voordat hulle hierdie ondernemingsvorm kan stig. Sommige van die lede vereis egter steeds duidelikheid oor die negatiewe en positiewe aspekte van die bestuur van so 'n sakeonderneming.

As 'n kenner op dié gebied, het Ndungane jou aangestel as konsultant om hom en sy mede-eienaars te adviseer oor die aard van hierdie ondernemingsvorm, die prosedures wat by die stigting daarvan gebruik moet word en hoekom jy hierdie vorm van eienaarskap vir hulle onderneming sal aanbeveel. Lig die voor- en nadele van hierdie vorm van eienaarskap vir hulle uit.

**FEITELIK:** 40
**INSIG:** 10
**[50]**

## VRAAG 3: FINANSIËLE FUNKSIE

SHOE CITY

everyday good value.

Die direkteure van Shoe City Winkels het hul jaarlikse strategie- en -beplanningsvergadering vir 2007 in Junie vanjaar gehou.

Na bestudering van die resultate van die onderneming vir die afgelope jaar, was hulle bekommerd oor hul afnemende aandeel in die kleinhandelsmark en oor stadige groei van hul wins. Dit was 'n gevolg van hul 'slegs kontant'-beleid.

As 'n onafhanklike verkoopsmakelaar is jy deur die Besturende Direkteur genader om die direkteure oor hul bekommernisse toe te spreek.


Doen, na bestudering van Shoe City Winkels se situasie, 'n voorlegging aan die direkteure oor die moontlike redes vir die swak prestasie van die winkels, veral met betrekking tot hul huidige beleid.

Stel 'n alternatief vir hul 'slegs kontant'-beleid voor en verduidelik die voordele daarvan in detail. Jy moet ook die verskillende maniere waarop die beleid geïmplementeer en geadministrateer kan word, asook die vereiste beheermaatreëls, verduidelik.

**FEITELIK:** 40
**INSIG:** 10
**[50]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 4: BEMARKINGSFUNKSIE**




Met die Sokkerwêreldbeker 2010 om die draai, het 'n bekende bankgroep 'n gaping in die mark gesien. Hul slagspreuk is 'sokker en kredietkaarte beteken geld'. Hul plan is om duisende kliënte te lok wat van die bank se kredietkaarte gebruik sal maak. Hierdie kredietkaarte sal die foto's van sokkersterre daarop hê.

Stel 'n verslag saam waarin jy die reklameveldtog van die bank bespreek. Doen dit op so 'n manier dat die basiese stappe van die reklameveldtog duidelik na vore sal kom. Noem ook hoe die bank die resultate van die veldtog sal meet. Gee jou mening oor die bank se voorgestelde projek rakende die Sokkerwêreldbeker 2010.

**FEITELIK:** 40
**INSIG:** 10
**[50]**

**VRAAG 5: ALGEMENE BESTUUR**




> 'Een van die basiese elemente van bestuur kyk na die toekoms, prakseer prosedures om sekere werksaamhede aan te pak en hoe om dit suksesvol uit te voer.'

Bespreek, in besonderhede, beplanning as 'n basiese element van algemene bestuur. Evalueer die belangrikheid van beplanning in verhouding tot ten minste VIER ander elemente van algemene bestuur.

| | |
|---|---|
| **FEITELIK:** | 40 |
| **INSIG:** | 10 |
| | **[50]** |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING B:** | **100** |

## AFDELING C

Beantwoord enige VIER vrae uit die afdeling.

**VRAAG 6: ONDERNEMINGSVORME**

6.1 Lees die volgende koerantartikel met aandag en beantwoord die vrae wat volg.

### GROOT HERSTRUKTURERING VIR ANGLO AMERICAN

ANGLO AMERICAN
Passionate about South Africa

Die radikale herstrukturering wat Anglo American ondergaan het, het die prestasie van die Besturende Direkteur,Tony Trahar, ter sprake laat kom.

Mondi, 'n papierfabriek wat goed bestuur word, lê baie na aan Trahar se hart. Met die samesmelting van Mondi en die mynreus, Anglo American, was Trahar se motivering dat dit 'n kerndifferensieerder teenoor die mynbedryf sal wees. Die papierbedryf werk tradisioneel volgens 'n ander bedryfsiklus as dié van die metaalindustrie.

Die grootste kritiek teen Trahar is dat hy soveel tyd spandeer het om Mondi op te bou, dat toe geleenthede hul voorgedoen het om die metaalindustrie op te bou, hy dit nie benut het nie.
Hy het vyf jaar gelede die geleentheid laat verbyglip om Companhia Vale do Rio Doce (CVRD), die wêreld se grootste ystervervaardiger, te koop.

Sy bondgenote sien egter sy talente in 'n ander lig. Die aanskaffing van Disputada Copper en die onlangse steenkooluitbreidings binne Australië en Colombië vertel egter 'n ander storie. Die herstrukturering het waarde toegevoeg tot Anglo American se mynskatte.

Anglo American beplan nou om op mynbou te fokus en is besig om sy aandele in Tongaat-Hulett (S.A. se grootste suikervervaardiger) te verkoop. Die ontbondelingsproses tussen Anglo American en Mondi is so te sê onomkeerbaar.
Anglo American wag net op die regte prys. Die moontlikheid van 'n Suid-Afrikaanse 'notering' word ook oorweeg.

[Aangepas uit *Sunday Times,* 29/01/2006]

Kopiereg voorbehou

6.1.1 Identifiseer die tipe samesmelting wat tussen Anglo American en Disputada Copper plaasgevind het. Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)

6.1.2 Verskaf 'n rede waarom Anglo American by Mondi sou inkoop. (2)

6.1.3 Hoekom het Anglo American sy transaksie met CVRD verloor? (3)

6.1.4 Identifiseer die instansie waar Anglo American die aanbod van aandele in Mondi sal 'noteer'. (2)

6.1.5 Waarom beveel jy aan dat Mondi genoteer moet word? (2)

6.1.6 Anglo American het nie die kans benut om met CVRD saam te smelt en voordeel hieruit te put toe die geleentheid hom voorgedoen het nie, omdat hulle met Mondi besig was.
Verduidelik DRIE voordele wat hulle verloor het as gevolg van die onbenutte geleentheid. (9)

6.2 Noem VIER nadele van 'n eenmansaak. (8)

6.3 Tabuleer VYF verskille tussen 'n private maatskappy en 'n publieke maatskappy. (20)


**[50]**

## VRAAG 7: BEMARKINGSFUNKSIE

7.1 Bestudeer die onderstaande gedeelte en beantwoord die vrae wat volg.

Valene was baie gefrustreerd met die lang ure wat sy by die werk spandeer het. Uiteindelik het Peter haar oorreed om 'n kans te waag om vir haarself te begin werk. Daar was 'n groot verskeidenheid franchise- (konsessie) geleenthede vir haar om van te kies.

Valene het besluit om 'n VODACOM-selfoonwinkel te bedryf.





7.1.1 Wat is 'n franchise (konsessie)? Gee 'n voorbeeld, buiten VODACOM, van 'n franchise in Suid-Afrika. (4)

7.1.2 Sal Valene MTN- en CELL C-produkte in haar winkel mag verkoop? Staaf jou antwoord. (4)

7.1.3 Noem DRIE voordele van die VODACOM-franchise vir Valene. (4)

7.1.4 Identifiseer die DRIE tipes verbruikersgoedere wat Valene in haar VODACOM-selfoonwinkel kan verkoop. Verduidelik elke tipe en gee geskikte voorbeelde van goedere wat by die VODACOM-selfoonwinkel verkoop kan word. (12)

7.2 Beantwoord die volgende vrae oor verpakking:




7.2.1 Noem die TWEE belangrikste doelwitte van verpakking. Gebruik die bostaande illustrasie om te verduidelik hoe enige van die produkte hierbo aan die doelwitte van verpakking voldoen. (8)

7.2.2 Identifiseer die tipe verpakking wat voortdurend verander. Gebruik enige van die voorbeelde uit die illustrasie om jou antwoord te illustreer. (5)

7.2.3 Noem TWEE vereistes van goeie verpakking. (4)

7.3 Behalwe 'markvorm', bespreek enige DRIE ander faktore wat die prysbepaling van 'n produk beïnvloed. (9)
**[50]**

## VRAAG 8: FINANSIËLE FUNKSIE

8.1 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

Fruit & Veg City het op 1 September 2006 'n afleweringsvoertuig vir R150 000 gekoop. Op dieselfde dag het hulle die voertuig by Budget Versekering vir R120 000 verseker. Die eerste premie is betaal en 'n kwitansie vir die bedrag is ontvang.

'n Klousule in die polis het genoem dat Fruit & Veg City vir die eerste R1 000 van elke eis verantwoordelik sal wees.

Op 1 Desember 2006 was die afleweringsvoertuig in 'n botsing betrokke met 'n voertuig wat by OUTsurance verseker is. Die skade aan die afleweringsvoertuig was R100 000.

8.1.1 Identifiseer die beginsel van versekering wat by dié eis betrokke is. (2)

8.1.2 Wat word die R1 000 wat deur Fruit & Veg City betaalbaar is, genoem? (2)

8.1.3 As daar bewys kan word dat die werknemer van Fruit & Veg City nie vir die ongeluk verantwoordelik was nie, het Budget Versekering die reg om die volle bedrag by OUTsurance te eis. Wat word hierdie versekeringskonsep genoem? (2)

8.1.4 Watter klousule bepaal dat as iets nie vir sy volle waarde verseker is nie, die volle bedrag van die verlies nie uitbetaal sal word nie? (2)

8.1.5 Bereken die bedrag wat deur Budget aan Fruit & Veg City uitbetaal sal word as vergoeding vir die skade aan die voertuig, deur die beginsel in VRAAG 8.1.4 te gebruik. (4)

8.1.6 Bereken die boekwaarde van die voertuig op die datum van die botsing as die waarde van die voertuig jaarliks met 15% verminder. (4)

8.1.7 Budget het besluit om die voertuig af te skryf. As eienaar van die voertuig, wat sal jou reaksie op dié besluit wees? Staaf jou antwoord. (4)

8.1.8 Noem DRIE nadele wat voorraadopgaring vir Fruit & Veg City sal inhou. (6)

8.1.9 Verduidelik DRIE faktore wat die bedryfskapitaalvereistes vir Fruit & Veg City sal bepaal. (9)

8.2 Verduidelik die DRIE redes vir kontantaanhouding. (9)

8.3 Omskryf die begrip *oorkapitalisasie*. Is dit, na jou mening, goed vir entrepreneurs? Staaf jou antwoord. (6)
**[50]**

## VRAAG 9: ONDERNEMING EN SY OMGEWING

9.1 Lees die onderstaande uittreksel met aandag en beantwoord die vrae wat volg.

> Beleggers en entrepreneurs werk op die aandelemark saam met een gemeenskaplike doel; elke keer as iemand aandele koop, moet iemand anders aandele verkoop en beide partye glo dat hulle baie slim is.
>
> In Suid-Afrika is daar 'n plek waar kopers en verkopers kan 'ontmoet' sodat die verhandeling van aandele kan plaasvind.

9.1.1 Hoe kan die gewone Suid-Afrikaanse burger toegang verkry tot die dienste van die JAB Bpk? (4)

9.1.2 Bespreek VIER dienste wat deur hierdie instelling gelewer word. (12)

9.2 Bespreek VIER metodes wat die SARB (Suid-Afrikaanse Reserwebank) kan gebruik om krediet en die hoeveelheid geld in omloop, te beheer. (12)

9.3 Noem VIER maniere waarop kamers van koophandel tot die ontwikkeling van besigheid in jou gemeenskap kan bydra. (8)

9.4 'Die geloofwaardigheid van die SABS is die vervaardiger se wins en die verbruiker se waarborg.'

9.4.1 Met verwysing na bogenoemde stelling, noem VYF maniere waarop dit bereik kan word. (10)

9.4.2 Hoe kan die SABS-merk jou, as 'n gewone Suid-Afrikaanse verbruiker, tot voordeel strek? Noem TWEE voordele. (4)

**[50]**

## VRAAG 10: PRODUKSIEFUNKSIE

10.1 Bestudeer die onderstaande inligting geneem van Valrospe Kabinette, en beantwoord dan die vrae wat volg.

| **Produksiekoste vir die vervaardiging van liasseerkabinette:** | |
|---|---|
| Beginvoorraad van staalplate op 1 Januarie 2006 | R200 000 |
| Aankoop van staalplate | R140 000 |
| Eindvoorraad van staalplate op 31 Januarie 2006 | R130 000 |
| Huur van fabriek | R 72 000 per jaar |
| Totale lone van werkers wat liasseerkabinette vervaardig | R 1 000 per week |
| Waardevermindering van fabrieksaanleg | R 1 550 per maand |
| Salaris van fabrieksvoorman | R 9 000 per maand |
| Koste van lym en skroewe vir liasseerkabinette gebruik in Januarie 2006 | R 1 950 |
| Aantal eenhede vervaardig in Januarie 2006 | 150 |
| Aantal weke in Januarie 2006 | 4 |

VEREIS: Toon ALLE berekeninge.

10.1.1 Bereken die primêre produksiekoste van die fabriek vir Januarie. (5)


10.1.2 Bereken die vaste bokoste van die fabriek vir Januarie. (6)

10.1.3 'n Afname van 10% word verwag in die veranderlike materiaal-bokoste vir die volgende maand. Bepaal die indirekte grondstofkoste vir Februarie. (3)

10.1.4 Bereken die produksiekoste van een liasseerkabinet wat in Januarie vervaardig is. (6)

Kopiereg voorbehou

10.2 Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae wat volg.




10.2.1 Watter produksiestelsel sal jy as produksiebestuurder van Cadbury Chocolates vir die vervaardiging van die bogenoemde sjokolade aanbeveel? (2)

10.2.2 Verskaf VIER redes vir jou keuse in VRAAG 10.2.1. (8)

10.2.3 Noem VYF faktore wat jy sal oorweeg om te verseker dat die 'peanut brittle'-sjokolade van goeie gehalte is. (10)

10.3 Noem VYF maatreëls wat geneem kan word om ongelukke in fabrieke te voorkom. (10)

**[50]**

## VRAAG 11: ALLERLEI

Beantwoord enige VYF van die volgende vrae:

11.1 Gee enige VYF besonderhede wat in die naamklousule van die akte van oprigting gevind sal word. (10)

11.2 Daar is verskeie redes hoekom 'n vennootskap kan ontbind. Noem VYF daarvan. (10)

11.3 'Een van die voordele van versekering is dat polisse gesedeer kan word as sekuriteit vir lenings.'
Noem VYF ander voordele van versekering. (10)

11.4 Noem enige VYF voordele van reklame. (10)

11.5 Noem VYF nadele van die lyn-en-staf-organisasiestruktuur. (10)

11.6 Watter metodes kan deur die algemene bestuurder in die beheerproses gebruik word? Noem enige VYF metodes. (10)

11.7 Noem VYF nadele van sentralisasie. (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING C: 200**

**GROOTTOTAAL: 400**

Kopiereg voorbehou

# BEDRYFSEKONOMIE HOËR GRAAD
# NOVEMBER 2006

| EKSAMENNOMMER | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

## AFDELING A
## ANTWOORDBLAD

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

**BEANTWOORD ELKE VRAAG DEUR 'N KRUIS ( X ) IN DIE TOEPASLIKE BLOK TE MAAK.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **1.1.1** | A | B | C | D |
| **1.1.2** | A | B | C | D |
| **1.1.3** | A | B | C | D |
| **1.1.4** | A | B | C | D |
| **1.1.5** | A | B | C | D |
| **1.1.6** | A | B | C | D |
| **1.1.7** | A | B | C | D |
| **1.1.8** | A | B | C | D |
| **1.1.9** | A | B | C | D |
| **1.1.10** | A | B | C | D |
| **1.1.11** | A | B | C | D |
| **1.1.12** | A | B | C | D |
| **1.1.13** | A | B | C | D |
| **1.1.14** | A | B | C | D |
| **1.1.15** | A | B | C | D |
| **1.1.16** | A | B | C | D |
| **1.1.17** | A | B | C | D |
| **1.1.18** | A | B | C | D |
| **1.1.19** | A | B | C | D |
| **1.1.20** | A | B | C | D |

**(20 x 3) (60)**

| EKSAMENNOMMER | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

## 1.2 WAAR OF ONWAAR

| NOMMER | WAAR | ONWAAR | REGSTELLING |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | | | |
| 1.2.2 | | | |
| 1.2.3 | | | |
| 1.2.4 | | | |
| 1.2.5 | | | |
| 1.2.6 | | | |
| 1.2.7 | | | |
| 1.2.8 | | | |

**20 PUNTE**

## 1.3 SKRYF DIE ONTBREKENDE WOORD(E)/TERM(E) NEER.

| | |
|---|---|
| 1.3.1 | |
| 1.3.2 | |
| 1.3.3 | |
| 1.3.4 | |
| 1.3.5 | |

**10 PUNTE**

## 1.4 DATAREAKSIE

**SKRYF DIE LETTER VAN DIE TOEPASLIKE ILLUSTRASIE NEER.**

| | | |
|---|---|---|
| 1.4.1 | | |
| 1.4.2 | | |
| 1.4.3 | | |
| 1.4.4 | | |

**10 PUNTE**

| TOTAAL VRAAG 1: | 100 PUNTE |
|---|---|

Kopiereg voorbehou